Tydgenote van Jan Willem Barkhuysen*1746:
1. Pieter du Preez*1748

As tydgenote in die Swellendam landdrosdistrik word Jan Willem Barkhuysen en Pieter du Preez saam in vier interessante insidente genoem. Die insidente is ook tekenend van die uiteenlopende aard van die distrik se wel en weë. Hulle was as offisiere van die burgermilisie albei deel van die krygsraad wat op 28 Oktober 1785 'n sensitiewe tugsaak teen Johannes Jacobus Botha tydens die jaarlikse krygsoefeninge hanteer het. As deel van hierdie selfde krygsoefeninge het kornet Pieter du Preez en adjudant Jan Willem Barkhuysen op 29 Oktober ook die twyfelagtige eer gehad om elkeen 'n silver gespe, as "troosprys", tydens die skietkompetisie te kry. Derdens het hulle ses jaar later ten minste sewe vergaderings saam as heemrade in die Kollegie van Landdros en Heemrade in Swellendam gesit. In die vierde plek was hulle as heemrade en oud-heemrade van die eerstes wat die eed van getrouheid aan die Britse koning in 1795 onderteken het. Alhoewel daar nie in een dokument saam na hulle tydens die Tweede grensoorlog en die Swellendam opstand verwys word nie het hulle na alle waarskynlikheid hierdie gebeure saam ervaar.

Pieter du Preez,*1748, het teen 1777 op Krombecksrivier geboer. Die plaas is 4 km buite die huidige Heidelberg op die pad na Riversdal. Hy is getroud met Johanna S de Bruyn. Haar ouers was wynboere op die plaas Theuniskraal. [1](moontlik verwant aan oud-heemraad de Bruyn?) Pieter word soms in dokumente ook Petrus genoem.

Jan Willem het sedert 1768 'n leenknegkontrak met Nicolaas van Rensburg op Valschrivier gehad. Die plaas is ongeveer 25 km vanaf die huidige Riversdal in die rigting van Gouritsrivier. In 1774 is hy met Jacquemina, die dogter van sy werkgewer, getroud. In 1777 het hy burgerskap gekry en met sy vrou en twee klein kindertjies na Kykoe (ook bekend as Keurboomsrivier) in die Langkloof verhuis. Jan en Pieter woon dus teen 1777 ver uitmekaar maar is steeds albei burgers van die uitgestrekte Swellendam distrik.

Dis waarskynlik dat hulle mekaar as burgers geken het want in die hele Swellendam was daar in 1776 maar 482 volwasse mans.[2] Hulle het mekaar in 'n militêre verband beslis eers na 1777 leer ken. Jan Willem het in Oktober 1778, twee jaar nadat hy burgerskap gekry het, eers die skutterseed as nuwe lid van die burgermilisie afgelê. Pieter is in Augustus 1777 reeds as veldkorporaal vir sy wyk , "over Duivenhoksrivier" aangestel[3]. In die notule van die krygsvergadering, op Maandag 27 Januarie 1783, lees ons van Pieter se bevordering: "*worden verder tot wachtmeester aangestelt Pietr de Preez*".[4] Pieter moes in hierdie selfde tydperk die rang van kornet gekry het.

Jan Willem is waarskynlik direk as veldwagmeester aangestel en ongeveer 1782 tydelik in die pos van adjudant aangestel. Alhoewel ek nêrens 'n beskrywing van die werk van adjudant kon kry nie was dit waarskynlik baie naby aan die moderne weermag se pos, wat as tweede in bevel en grootliks administratief is. In die notules van die politieke raad word aanvanklik van adjudant en drilmeester in een sin gepraat. Moontlik het die rol van drilmeester deel van sy pligte gebly. 'n Mens moet onthou dat Jan Willem waarskynlik baie goeie skoolopleiding in Duitsland gehad het en dat hy ook besig met sy vakleerlingskap as koopman was. Jan Willem het op kommando die rang van veldkommandant beklee.

---

[1] Inligting verskaf deur Thys du Preez.
[2] KAB, C 2228, p28 29, Junie 1776.
[3] KAB, C 2229, bl. 9.
[4] KAB, C2230, bl. 99.

Hulle was heel waarskynlik albei saam met Pieter Ferreira se kommando tydens die eerste grensoorlog. Jan Barkhuysen as gewone skutter en Pieter du Preez as kornet en veldwagmeester.

'n Pluimpie vir Pieter se leierskap is dat hy al op Maandag, 25 Oktober 1784[5], die derde naam op die kortlys as heemraad was. (nogal saam met JJ Botha) Die gebruik was dat daar na wye konsultasie regoor die landdrosditrik op vier name besluit is vir die kortlys. Hierdie name is na die Politieke Raad gestuur vir aanstelling. Die Raad het deurgaans die eerste twee name op die lys aangestel. Baie historici neem aan dat Heemrade vir 'n spesifieke wyk of gebied gekies is maar ek kon geen bewys daarvoor kry nie. Hy is egter nie weer in October 1785 genomineer nie.

In 1785 het Jan Willem en Pieter du Preez, albei as offisiere en lede van die "extraordinaire" krygsvergadering[6] (militêre hof), 'n verklaring mede onderteken dat Kavalerie Ritmeester, Jacobus Johannes Botha, nie toegelaat word om aan die militêre oefenige en parade deel te neem nie. Botha het glo twee gesiene families nl. Rautenbach en Ferreira , erg beledig en nou wil niemand onder sy bevel dien nie. Botha het die versoek om nie die parade by te woon nie, aanvanklik geweier maar hierdie groep offisiere en heemrade wat die "hof" uitmaak, het vrede probeer handhaaf deur Botha en Rautenbach albei te oortuig om weg te bly van die militêre oefening af.

Tydens die vergadering is besluit dat Luitenant Lourens de Jager en Kornet Pieter du Preez, bygestaan deur sekretaris Blankstein, die boodskap behoorlik aan Botha sal oordra. Botha is moontlik finaal oortuig toe hulle by implikasie noem dat hulle as Collegie verantwoordelik gehou gaan word as 'n verdwaalde koeël Botha tref en hulle geen voorsorgmaatreëls daarteen getref het nie.

Tydens hierdie krysgsoefeninge van 1785 was die skietkompetisie weer 'n hoogtepunt. Die gebruik om vir pryse te skiet het Simon van der Stel in die Kaap en Stellenbosch met die sg. pappegaaiskiet begin. In die skietkompetisie van hierdie jaar moes die eerste plek deur loting bepaal word. PH Ferreira, moontlik die knapste gevegsaanvoerder in die distrik en mede Langklower en goeie vriend van Barkhuysen, het 'n tabakdoos as tweede plek gekry. Jan Willem Barkhuysen en Petrus du Preez "*welke mede het binneste wit hatten getroffen*"[7] het elkeen 'n silwer gespe met hulle vierde en vyfde plekke gekry.

In 'n amper terloopse opmerking tydens hierdie gekombineerde vergadering van Heemrade en offisiere het hulle as offisiere elkeen 'n lening aan die landdrosdistrik in Swellendam gemaak om die finansies te laat klop. Cornet Petrus du Pre het Rds50 en Adjudant Jan Willem Barkhausen het Rds 100 bygedra[8].

In twee opeenvolgende jare, Januarie 1790[9] en Januarie 1791, is Barkhuysen en du Preez toe onderskeidelik as heemrade gekies. Vir die volgende drie jaar sou hulle verskeie interessante insidente tydens die vergaderings bespreek.

Tydens die vergadering van Landdros en Heemrade op Maandag 20 Januarie 1790 is die politieke Raad se aanstelling van Jan Willem Barkhuysen en Petrus Pienaar bevestig en op

[5] KAB, 1SWM 10-2 (1784), ongenommerde bladsy.
[6] KAB, 1 SWM 10/2 Extraordinaire vergadering gehou op 25 Oktober 1785, Ongenommerde bladsy.
[7] KAB, 1SWM 10-2 Extraordinaire vergadering gehou op 25 Oktober 1785, Ongenommerde bladsy.
[8] KAB, 1 SWM 1/ 3, Gekombineerde vergadering op 28 Oktober 1789, bl. 5.
[9] KAB, 1 SWM 1/3, Maandag 20 Januarie 1790.

17 Maart 1790[10] het hulle die eed as nuwe heemrade voor Landdros Faure afgelê. Die onrus op die oosgrens het toegeneem en daar was moontlik 'n behoefte aan heemrade nader aan die oostelike grens van die kolonie.

Die Drosdy op Swellendam soos dit vandag lyk.

Pieter du Preez is net die volgende jaar aangestel. Jan Willem was op Maandag 17 Januarie 1791 teenwoordig toe Pieter se aanstelling uit die korrespodensie van die Goewerneur en Politieke raad gelees is: "goed*gevonden in plaats van de aftreedene heemraden Hillegart Muller en Salomon Ferreira wederom aantestellen Pieter du Preez en Cornelis Johannes Muller".*[11]

Du Preez se eerste vergadering was op 16 Maart 1791. Op sy tweede vergadering Woensdag 22 Junie 1791[12] is die eerste Heemraadvergadering waar hy saam met Barkhuysen sitting neem. Die gewone probleme van die distrik is bespreek. Albei van hulle moes simpatie gehad het met die pontonvoerder Petrus Koen wat op byna elke vergadering oor die Breederivierpont gekla het. Hulle het Koen se versoek vir vier arbeiders goedgekeur. Du Preez en Barkhuysen moes egter albei min simpatie gehad het met Louis Jordaan wat gevra het om uit te tree as padmaker. Hulle het beslis dat Jordaan eers die pad in orde moet kry voordat hy mag uittree.

Die twee heemrade het ook saam die vergadering op 25 Oktober 1791 bygewoon. Barkhuysen het 'n brief namens Salomon Ferreira gelees en Pieter du Preez het terugvoering oor 'n kommissie van ondersoek gegee. "*Hier na werd door de E E Lourens de Jager de jonge en Pieter du Preez, weegens de op de selve ten plaatsen van den burger Marthinus Godefricus Drosky en Stephanus Fouche de oude ge decineerde commissie ingediend het volgende bericht."* [13] Fouche is ernstig berispe.

Op Maandag 20 Junie 1792[14] is Jan Willem en Pieter albei teenwoordig tydens die Heemraadvergadering. Dit is 'n bedrywige vergadering. Klagtes en briewe van burgers wat die pont gebruik word bespreek, daar is terugvoering van Fouche na die laaste ondersoek maar belangrik is dat die toestande op die oosgrens erger raak. Jan Willem Barkhuysen en

[10] KAB, 1SWM1/3, Notule 17 Maart 1790, ongenommerde bladsy.
[11] KAB, 1SWM 1/3, Notule 17 Januarie 1791, ongenommerde bladsy.
[12] KAB, 1SWM 1/3, Heemraadvergadering Woensdag 22 Junie 1791, ongenommerde bladsy.
[13] KAB, 1SWM 1/3, Vergadering 25 Oktober 1791, bladsy 63.
[14] KAB, 1SWM 1/3, Notule van 20 Junie 1792, Ongenommerde bladsy [94].

Cornelis Johannes Muller word afgevaardig om 'n vergadering in hierdie verband met Kolonel Gordon in Kaapstad by te woon.

Du Preez en Barkhuysen is ook saam in die vergadering op 25 Oktober 1792. Op hierdie vergadering het Jacobus Johannes Botha uiteindelik verskoning gevra vir die beledigings wat hy onder die invloed van drank kwytgeraak het.

Hulle is ook saam tydens Heemraadvergadering op 14 Januarie 1793 en hier word die twee nuwe heemrade aangekondig wat Barkhuysen en Pienaar sal vervang.

Op Dinsdag 12 Junie 1793[15] is Kornet Pieter du Preez teenwoordig by die namiddag se krygsvergadering toe veldkommandant en oud-Heemraad Jan Willem Barkhuysen se verontrustende verslag oor die toestande op die oosgrens voorgelees, bespreek en na die politieke Raad aangestuur word. Jan Barkhuysen en Pieter Ferreira was op daadie stadium besig om inligting te versamel en vlugtelinge te help.

Ek het ongelukkig geen bronne wat Pieter du Preez se betrokkenheid by die Tweede grensoorlog van 1793 bevestig nie maar daar kan geen twyfel wees dat hy as offisier ook saam met die Swellendamse kommando die Graaff- Reinetters gaan help het nie. Jan Barkhuysen het sonder twyfel tydens hierdie oorlog sy hoogtepunt as heemraad en Veldkommandant bereik. Hy het persoonlik voor die Politieke Raad in Kaapstad verskyn om hulle te oortuig van die gevaar van die Xhosa-inval en hy het later ook 'n kommando teen die Xhosas aangevoer.

Die laaste twee vergaderings wat hulle saam bygewoon het was die gekombineerde vergadering van Maandag en Dinsdag 1 en 2 September 1794 en ook die Heemraadsvergadering 1 Desember 1794. Albei moes as offisiere die gekombineerde vergadering bywoon maar die rede waarom Jan Barkhuysen by die heemraadvergadering van Desember was is onseker. Daar is niks bespreek wat hom spesifiek raak nie maar vir Pieter du Preez was die vergadering betekenisvol want hy is weer genomineer as Heemraad vir die volgende drie jaar. Op 27 Januarie 1795 is hy en Hillegard Muller ingesweer. Dit het beteken dat hy as heemraad midde in die Swellendamse opstand betrokke sou wees.

Pieter du Preez was teenwoordig by die heemraadvergadering toe die rebelle die boodskap bring dat die heemrade nie Swellendam moet verlaat nie. Hy moes ook 'n doelbewuste besluit geneem om die rebelle te steun. Dit was net Lourens de Jager wat , op grond van sy eed, die kant van landdros Faure gekies het. Dit is onbekend wat Jan Willem Barkhuysen se presiese rol was maar dat hy en Pieter Ferreira wel die opstand gesteun het is duidelik uit 'n brief van du Pisani waarin hy vra dat die brief aan "*die manhafte heer Pieter Ferreira en edele Heer W. Barkhuysen*" gewys word en dat die vervoerreelings wat hy met hulle getref het uitgestel word. Du Pisani word in verskeie publikasies as 'n oneerlike karakter uitgebeeld.

Pieter du Preez was in hierdie tydperk van die Nasionaale regering as heemraad natuurlik by al die vergaderings voor en na die opstand teenwoordig.

Die enigste dokument wat ek kon kry waar Du Preez en Barkhuysen daarna kontak gehad het, was die ondertekening van die eed van getrouheid aan Brittanje met die Eerste Britse besetting op 14 Desember 1795[16]. Du Preez het tweede, na Hilgard Muller, geteken en daarna al die dienende heemrade en oud-heemrade. Barkhuizen was 20e aan die beurt.

---

[15] KAB, 1SWM 1-5, bl 213.
[16] KAB, 1SWM 10/60, bl. 155.

'n Mens kan egter aanneem dat hulle mekaar nog by tye raakgeloop het. Jan Willem Barkhuysen het steeds in die tydperk van die eerste Britse besetting van die Kaap en die Bataafse bewind, daarna, 'n hoë aansien in die distrik Swellendam gehad. Pieter du Preez was teenwoordig by die vergadering op 14 Oktober 1795 en weer op 4 Desember 1797 toe Barkhuysen die kortlys van vier genomineerde heemrade gehaal maar elke keer nommer drie op die lys was en nie aangestel is nie.

Jan Barkhuysen se openbare rol het hierna drasties afgeneem. Pieter du Preez sou vir nog baie jare 'n rol in die openbare speel. Du Preez het as oud heemraad op Maandag 18 Junie 1798 'n buitengewone heemraadsvergadering namens Salomon Ferreira bygewoon en op Maandag 11 Maart 1799[17] is hy en Lourens de Jager weer benoem as heemraad vir nog drie jaar.

Dit beteken dat du Preez steeds betrokke was toe die derde grensoorlog in 1801 uitgebreek het. Barkhuysen wat teen daardie tyd nie meer 'n aktiewe Veldkommandant was nie, word net genoem in 'n insident waar die invallende Xhosa en Khoisan 108 van sy beeste in Plettenbergbaai gesteel het. Kommandant Phillip Rudolph Botha het Barkhuysen gelyktydig met die plaaslike Veldkornet laat weet en Barkhuysen was moontlik betrokke by die saamroep van 'n kommando wat die beeste weer teruggekry het. Barkhuysen was egter nie self in die kommando nie. Barkhuysen het volgens die verklaring van Botha later in Plettenbergbaai met hom gesels.

Jan Willem Barkhuysen en Pieter du Preez is albei in 1812 oorlede. Jan Willem laat sy vrou, Jacqeumina van Rensburg, en 13 kinders na. Pieter du Preez se een dogter is met 'n seun van Hermanus Steyn getroud en het die ouma-grootjie van pres. M.T. Steyn geword.

Die ondersoek om te bepaal watter ervarings Jan Willem Barkhuysen met sy tydgenote in die Swellendam distrik gedeel het, het in die geval van Pieter du Preez vier verassende insidente opgelewer en wat nogal verteenwoordigend is van die omvang van die daaglikse stryd om die distrik te bestuur.

Artikel opgestel deur John Barkhuizen.
ww.barkhuizen.co.za
e-pos: johan@barkhuizen.co.za

[17] KAB, 1SWM 1-5, bl. 445.